

---

---

## Rom 8:17 - Vir sissies is ware Christenskap nie.

E302

---

---

Let op, wat hier gesê word, is vir die ore van ware Christene bedoel: die pad in Jesus Christus se voespore is nie vir sissies nie. Navolging in die voetspore van die Here Jesus stel, veral soms, enorme eise.

Nominale Christene kan dus dadelik ontspan; dis nie op hulle van toepassing nie. Dit geld slegs vir diegene wat waarlik één geword het met Christus - diegene wie se Christenskap die hartklop van hulle lewens is.

- Dis 'n sentrale Nuwe Testamentiese waarheid: ware kinders van God leef in 'n innige lewenseenheid met Jesus Christus. Hulle is deel van Sy liggaam; hulle is organies deel van Hom. Daarom kan die Nuwe Testament oor en oor sê dat hulle "in Christus" is.

Hier word dit op 'n kostelike wyse gesê. Deur die voorvoegsel, *sun*, 3 keer te gebruik, word beklemtoon dat hulle in 'n intieme organiese lewenseenheid met Christus verkeer: hulle is *saamerfgename* wat *saamly* en *saamverheerlik* word met Hom. Herdie drie dinge is onlosmaaklik waar van elke ware Christen. Die een impliseer die ander.

- "As" in die tweede helfte van v.17 dui op 'n vervulde voorwaarde in die Grieks. Die implikasie is duidelik: ons lyding saam met Christus is 'n merkteken van ons erfgenaamskap - wat heerlikmaking

noodwendig voorafgaan (onthou, daar is geen kroon sonder 'n kruis nie).

### Lyding en heerlikheid

Dit is geen vreemde gedagte in die Nuwe Testament dat na lyding en heerlikheid in dieselfde asem verwys word nie. Neem byvoorbeeld Rom 5: 2, 3; 2Kor 4:8-11; 17; Fil 3:10-11; 1Pet 4:13.

Hier in ons teksvers het ons dus nie 'n geïsoleerde gedagte nie.

*Niemand deel eendag in Christus se heerlikheid as hy of sy nie nou in Sy lyding deel nie.*

- Dit beteken nie dat lyding vir my iets verdien nie, Maar dit dui op my huidige lewenseenheid met Jesus Christus en dis 'n voorwaarde vir my toekomstige heerlikmaking saam met Hom. Onthou, Hy het nie net eenmaal gely nie; in 'n sin ly Hy steeds.

- Eintlik is dit voor die hand liggend dat Christene tot 'n mindere of meerdere mate sal swaarkry. Hulle is immers deel van die Here se liggaam en dié is nog in vyandelike gebied, Soos gesê, die aanslae teen Hom (en dus ons) duur voort - toenemend. Laat dit ons dus nie verbaas dat daar meer geloofsmartelare in die 20ste eeu was as in al die voorafgaande eeue saam nie.

Natuurlik lei nie alle Christene eweveel nie en in elk geval wissel die intensiteit van die aanslae gedurig soos die tyd verloop.

### Lyding waarvan ons nie praat nie.

Belangrik is dit om te verstaan dat ons moet

dink in terme van lyding wat eie is aan Christene - trouens, beperk is tot hulle. Ons praat dus nie van daardie lyding wat gewoon die gevolg is van hierdie gebroke bedeling nie. Dinge soos siekte, droogte, armoede en 'n duisend ander dinge veroorsaak baie smarte en ellende, ongeag jou geloof. Maar duidelik is dit nie waaraan ons in die eerste instansie hier moet dink nie. Ja, in die geval van Christene kan die Here sulke algemene lyding ook kragtig in hulle lewens gebruik, maar normaalweg, as die Bybel oor die lyding van gelowiges praat, gaan dit oor swaarkry wat eie en uniek aan Christene is.

### Wat is hierdie lyding, wat uniek is aan Christene, dan?

Dink veral aan dinge soos die volgende:

- Een, *vervolging*. Dit kom oor 'n breë spektrum tot uitdrukking: fisiek, diskriminasie, verwerping, en spot.

- Twee, die *tugtiging van die Vader* (Heb 12:5-11; 1Kor 11:28-32). Dit kan soms baie intens wees; ander kere geskied dit onder Sy sagte en simpatieke hand. Mens hoef maar net op die verskillende uitdrukkings wat die Skrif gebruik te let, om dit raak te sien.

- Drie, die aanslae van *die vlees, die wêreld en die Satan*. Daar is soiets soos die versoeking van die vlees, die suigkragte van die wêreld en die vuishoue van Satan.

- Vier, die *ontberinge en selfaflegging ter wille van Christus en die evangelie*. Dit kom op 'n duisend maniere tot uitdrukking. Dink maar aan iets soos eerlikheid in jou sake-etiek, of die

sny van jou winste ten einde jou werkers beter te betaal. Dink aan iets soos die uitdeling van groot bedrae geld vir behoeftige broers en susters - voorbeelde kan vermenigvuldig word. Ons praat van geld wat die lewe vir jou aansienlik lekkerder en makliker sou kon maak.

- Vyf, daar is nog iets wat miskien meer subtiel is, maar tog op 'n manier deel is van elke ware Christelike lewe. Ons praat van die lyding vanwee jou liefdes-identifisering met broers en susters wat swaarkry So praat 1Kor 12:26 daarvan: "As een lid lei, lei al die lede saam".

Dink bietjie hieroor. Baie van bogemelde lyding kan maklik vermy word. En ek is bevrees dat almal van ons geneig is om wye draaie om dit te stap. Dis egter 'n kwessie van liefde vir en toewyding aan die Here, Wil jy dus weet tot watter mate jy toegewyd is aan die Here, vra jouself af wat jy proefondervindelik van bogemelde ken.

Dis waarom die Here Jesus sê dat ons elke dag ons kruis moet opneem. Dit beteken nie dat jy lyding en smaad sal soek nie, maar ewemin sal jy kompromie maak om dit te kan ontduik.

In die verband is 1Pet 4:16, 19 insiggewend. Ek meen nie dat ons v.19 moet verstaan as dat God as 't ware 'n behae daarin het om ons te laat ly nie, maar wel dat Hy dit toelaat omdat Hy weet dat dit ons goed doen. As 'n goeie Vader bederf Hy ons dus nie; Hy verpak nie ons lewens in watte nie. Nee, Hy weet ons het nodig om geloofs- en toewydingspiere te ontwikkel. Hy wil toesien dat ons groot word. Want alleen dan sal ons Hom verheerlik soos ons moet.,

Net 'n laaste opmerking hieroor. Nêrens leer die Bybel ons om lyding te loop soek nie. Nee,

as dit vir 'n tyd lank goed met ons gaan, laat ons nie vergeet om ons hemelse Vader daarvoor te dank nie. Wat ons beleef is immers nie die normale nie, maar die abnormale.

## **Opsommend en 'n laaste paar punte van toepassing**

Vir mense wat op hierdie stadium nog wonder of hulle moet aansluit by die Here Jesus se dissipelkring, wil ek net nog 'n paar dinge sê:

1. Kom ons sê dit so uitdruklik as moontlik: Kindskap van God en dus die navolging van die Here Jesus (ons praat van die egte weergawe, nie van die talle vervalsings nie) hou noodwendig lyding in - meer of minder intens. Dit wissel uiteraard van persoon tot persoon en elke individuele dissipel ervaar seisoene van intensiteit. Maar dít sê die Here Jesus baie uitdruklik in Luk 9:23-24: swaarkry en vervolging sal daar vir seker wees - meer of minder intens.

2. Moenie *geskud* word deur hierdie lyding, asof dit iets snaaks is nie. Jy sê dit het beter met jou gegaan voordat jy 'n Christen geword het. Natuurlik! Die boodskap van verlossing, is nie 'n boodskap van verlossing *van* nie, maar van verlossing *in*. Moenie jou ore uitleen vir elke Jan Rap en sy maat, en vir die argumente van vleeslike logika nie! Onthou wat het die Here Jesus gesê: "die jakkalse het gate en die voëls het neste, maar die Seun van die mens ....." En wat vir Hom geld, móét tog ook vir Sy dissipels geld.

Wie sal dan glo? Wel, sonder die Here se besondere genade sal niemand glo nie! Maar wees verseker, Hy gee hierdie genade wel.

3. Laat ons oppas om ons te verlekker in lyding en vervolging wat ons dalk oor onself gebring het. Dit gebeur gewis maklik en dikwels. Soveel Christene "ly" swaar as gevolg van hulle eie onwysheid, onsensitiwiteit en dwaasheid. Dis nie waarvan hier gepraat word nie.

4. Die Skrif beveel ons meermale om onself te verbly oor lyding wat ons ervaar. Jakobus 1:2-4 sê ons moet dit as "louter vreugde" beskou as daar allerlei beproewinge oor ons kom. En 1Petrus het 2 soortgelyke stellings: 1:6-7: ons moet ons daarin verheug as allerhande beproewings ons geloof toets (v.6-7). En 4:12-13: ons moet ons verbly as ons in die lyding van Christus kan deel, want dan sal ons oorloop van vreugde as Hy terugkom.

## **Slot**

Sien jy, vir geen oomblik is lyding in 'n Christen se lewe 'n "mosie van wantroue" van die Here nie; intendeel. Dis iets waarop ons kan trots wees.

Dit bevestig trouens ons kindskap; dit vorm ons na die beeld van Christus en uiteindelik lewer dit 'n "vredevolle vrug van geregtigheid vir die wat daardeur geoefen is" (Heb 12:11). Dit vertoon Christus se liggaam in hierdie wêreld en om so saam met Hom te ly, is 'n enorme voorreg vir Sy dissipels.

**Nico van der Walt**

- Nico v/d Walt onderskryf die historiese, internasionale en reformatoriese 1689 Baptistebelydenis, asook die Belydenis van Sola 5, 'n assosiasie van Godgesentreerde evangeliese gelowiges in meer as 'n halfdosyn lande in Afrika suid van die ewenaar.

- Gereeld word 'n preek/studiestuk soos hierdie wêreldwyd en gratis in Afrikaans en Engels per e-pos gestuur aan mense wat dit persoonlik aangevra het.

- Subskripsies, adresveranderings, kansellasies en korrespondensie: Postnet Suite No.148, Privaatsak X1, Northcliff, 2115, Suid-Afrika; E: nico.vanderwalt@reformed.org.za ; Tel. 011 476 2907; 082 848 9396.